Tema: Die Bybel is God se dinamiet in my lewe.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 147 - 1: 1,6,7 (eerste melodie)
Lied 255: 1,2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 66 - 1: 7
Votum
Seën
Loflied Ps. 34 - 1: 1,2,6 (2 de mel)
Geloofsbelydenis HK Vrae 18 - 22

Verootmoedigingsdiens
Lees die Wet uit Sb 9-2: 1 – 8
Sing Sb 9 - 2: 9
Gebed

Woorddiens
PowerPoint oor dinamiet – “dunamis”
Video
Kyk nou hoeveel keer kom die woord voor wanneer ons lees? 6 keer
Skriflesing: 1 Korintiërs 1 : 18 – 2 : 5; Teksvers 2 Kor. 2 : 4 - 5
Sing Ps. 119 - 1: 39
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing Ps. 33 - 1: 5.6
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Glo jy dat daar iets met jou gebeur as jy die Bybel lees? Of kom ek vra dit so: Lees ons die Bybel sodat daar iets met ons moet gebeur? Wil ons hê dat daar iets met ons gebeur?

Dieselfde vraag sou ons kon vra met betrekking tot die Woordverkondiging wat nou plaasvind. Met watter gesindheid en bedoeling luister ons nou na hierdie preek? Luister ek om te hoor of die dominee dalk vandag ŉ bietjie korter gaan preek? Luister ek om te hoor of hy vandag iets nuuts en aangrypend gaan sê? Of luister ek om God se stem te hoor en te doen wat Hy van my vra? Wil ek vanoggend as ŉ ander mens hier uitstap of wil ek maar dieselfde mens wees wat hier ingestap het?

Waarop stuur hierdie vrae af? Op die feit dat die Here vanoggend vir ons sê: Die Bybel is God se dinamiet, sy krag in my lewe. Deur die Woord verander God my kragtig, vernuwe Hy my heeltemal, bring Hy my daadwerklik in beweging.

Ja, wanneer ek die Bybel reg lees dan gebruik God dit soos ŉ dinamietkers in my lewe. Dit ontplof, daar is krag, beweging, groei en vorming. Dit skiet ook dinge in my lewe los en stukkend. Dit skiet my gewete los en skiet die werke van die duiwel in my lewe stukkend. Soos ŉ ou gebou wat in mekaar stort so breek die Here deur die Bybel ook die sonde in my af!

Brs en srs, gebeur dit met jou as jy die Bybel lees? Gebruik God die Skriflesing en die verklaring daarvan deur ŉ preek elke Sondag ook so in jou lewe? As jy dit so ervaar, is die wonderlik en moet jy dankbaar wees en bid ek dat hierdie preek jou sal help om deur die Woord nog nader aan God te kom. As jy dit nie so ervaar nie, bid ek dat God hierdie Woordverklaring vanoggend soos dinamiet sal gebruik om dit ook in jou lewe te bewerkstellig.

Kom ons kyk hoe God die Bybel as sy Woord in ons lewe gebruik.
1. Die eerste hoofsaak wat God aan ons openbaar is dat Hy ons tot geloof gebring het deur die Woord.
Paulus stel dit as ŉ feit in vers 18. Hy sê: “vir ons wat gered word is die boodskap van die kruis die krag van God”. Vir ons wat gered word. Hoe word ons gered? Ons lees dit in Romeine 10: 14. God bring ons tot geloof deur die Woord. Deurdat ons die boodskap van Christus se verlossing aan die kruis hoor, werk God deur die Heilige Gees in ons geloof en kon ons hierdie boodskap aanvaar en daaraan glo met ons hele hart en siel en verstand.

Onthou julle nog die gelykenis van die saaier waaroor oom Pieter kort gelede gepreek het?. Die Woord van God is soos saad wat gesaai word, wat in mense se harte grondvat , geloof laat ontkiem en geloof laat groei soos ŉ boom wat die vrugte van die Gees dra. Dit is ŉ dinamiese en kragtige wonderwerk van God!

Br en sr, dit het God ook met jou en my gedoen wat glo. Paulus sê dit ook van die gelowiges in Korinte. Hy sê in 2: 4: Die boodskap wat hy verkondig het, het die gelowiges verander. Dit was soos dinamiet wat hulle hele lewe omgekeer het. Hulle was eers van Joodse oortuiging en ongelowige Grieke, maar deur Paulus se prediking het God hulle verander en van hulle ware gelowiges gemaak.

Dit doen God elke keer as ek die Bybel lees of ŉ preek hoor of ŉ Bybelse boodskap ontvang. God werk daardeur geloof in my. Dit is God se werk in my. Paulus sê in verse 29 – 31: Ons het niks om op te roem nie. Dit is God wat ons deur ons geloof met Christus verenig het en as ons wil roem, dan moet ons in die Here roem.
Geliefdes, ons geloof is God se werk deur sy Woord en Hy het dit aan ons gedoen. Hy het ons van kleins af die Woord laat hoor en elke keer het die Heilige Gees ons geloof daardeur gevorm. Dit is lewensveranderend – kragtig, soos dinamiet

Daarom moet die Bybel sentraal staan in ons lewe. Om hierdie rede wil God hê dat ek elke dag sal lees, dat ek elke Sondag so veel kere as moontlik na die erediens toe sal kom, sodat Hy hierdie geloof wat Hy my gegee het, steeds meer kan vorm en kan laat groei. Geloof is nie iets wat mag stagneer nie. Dit is nie so dat as ek nou eenmaal glo, dan is alles goed en reg nie. Nee, God wil dat dit groei, sterker en sterker word, sodat ek meer en meer Christus in my lewe sal vertoon. Daarom gee Hy in my ŉ honger en dors na die Woord, sodat ek altyd nader en nader aan Hom kan kom.

Omdat God geloof deur die Bybel bewerk, moet die Bybel sentraal staan in ons kerklike bediening. Brs en srs, die heel belangrikste element van ons ontmoeting met die Here is die Skriflesing. Daar waar God self direk aan die Woord en met ons praat – dit is die heel belangrikste. Nie die preek nie. Natuurlik is alles belangrik want ons hele erediens is ŉ ontmoeting, ŉ gesprek met God. Maar die heel belangrikste is wanneer God self met ons uit die Bybel praat.

Kinders, omdat die Here jou geloof vorm en laat groei deur die Bybel –daarom is Katkisasie so belangrik. Daarom is dit belangrik dat jy self die Bybel lees, ook in jou voorbereiding van die Katkisasie. Daarom is dit belangrik dat jy in die katkisasieklas is. Want deur die onderrig wat die oom of tannie vir jou gee, daardeur vorm God jou geloof.

Om hierdie rede is so belangrik dat in elke kleingroep en Bybelstudiegroep –die Woord sentraal moet staan. (nie die kuier en tee drink nie) Om hierdie rede moet ons as gesinne saam huisgodsdiens hou en saam luister na God se Woord –dit vorm ons as gesin se lewe en geloof.
Brs en srs, elke keer as ek die Bybel lees – dan werk God kragtige geloof in my.

Die vraag is nou: Hoekom gebeur dit nie altyd met my nie? Hoekom gebruik God nie elke keer die Bybel soos dinamiet in my lewe nie.

Kom ons kyk in die tweede plek: Wat maak die Woord kragteloos in ons lewe? Nie iets wat God nalaat of nie doen nie, maar ons hantering van die Bybel as Woord van God. Die manier waarop ons die Bybel hanteer maak die Woord dikwels kragteloos in ons lewe.

Die Here wys ons in 1 Kor. 1 twee redes waarom dit gebeur.
1. Dit gebeur eerstens as ons die Bybel op menslike voorwaardes wil hanteer. Paulus verwys na twee groepe mense wat die Bybel so hanteer het. Die Jode en die Grieke.
Die Jode het gesoek na groot tekens en aardse roem. Die Verlosser wat hulle wou hê moes kom om met krag en groot wondertekens die aardse ryk van Israel te herstel en koning te wees wat die Romeine wegdryf. Daarom het hulle gedurig vir Jesus gevra: watter teken gaan u doen? Die grootheid van die teken moes hulle oortuig dat Hy die Verlosser is. En toe gaan sterf Hy aan ŉ kruis. Dit was vir hulle onaanvaarbaar. Dit was nie volgens hulle verwagting en daarom kon Christus nie volgens hulle voorwaardes die krag

van God wees nie. Die boodskap van die kruis was dus vir hulle onsin – dwaasheid – onaanvaarbaar – en daarom het dit hulle nie verander nie. Hulle eie voorwaardes het God se Woord kragteloos gemaak.

Die Grieke het hulle weer besig hou met allerhande wyshede en filosofieë. Die Griekse woord vir filosofie beteken: liefde vir wysheid. Hulle het hulle hoop gestel op groot en opspraakwekkende filosofiese wyshede en denke. En volgens hulle "wyse denke" was alles wat goddelik is, totaal anders as die mens. Die goddelik het daarin gelê dat dit niks met die mensheid te doen het nie. En toe hulle die boodskap van die kruis hoor dat God in Christus mens geword het om vir mense se sonde te sterf het hulle gesê: dit is onsin – dit is geen verlossende waarheid. In Athene het die Grieke vir Paulus gelag toe hy die boodskap van Christus daar verkondig het. Die boodskap was vir hulle te eenvoudig – hulle voorwaardes het God se Woord kragteloos gemaak.

Brs en srs, met watter menslike voorwaardes maak ek en jy dalk God se Woord kragteloos in ons lewe? Het jy dalk ook ŉ stel voorwaardes waarmee jy die Bybel kragteloos maak?
Dalk iets van die volgende:

- Ek glo net in God se liefde as Hy my seën. Ek dien Hom net as dit met my goed gaan. Maar die oomblik van teëspoed of terugslag –dan bevraagteken ek sy liefde.
- Die Bybel is darem regtig nie meer die boek van redding vir vandag nie. Dit is iets wat vir die mense van daardie tyd geskrywe was. Ons het tog moderne denke en wetenskap wat vir ons nuwe antwoorde gee, ek aanvaar nie meer wat die Bybel vir my sê nie. Die sielkunde, die argeologie of moderne navorsing het nuwe antwoorde gebring – ek luister eerder daarna.
- As dit nie hierdie of daardie vertaling of beryming van die Bybel is nie, is dit nie die Woord van God nie.
- Die Bybel is eintlik maar net die kerk se manier om in my gewete rond te krap – ek hoef nie regtig daarna te luister nie.
- God sal verstaan as ek in hierdie besondere omstandighede nie regtig kan doen wat Hy sê nie. Hy weet mos dat ek ook maar net ŉ mens is, ek mag seker maar êrens ŉ bietjie "oortree".

Geliefdes, so maak ons die Woord kragteloos. Dan kan of wil God dit nie gebruik om ons te verander nie.

Ons maak dit in die tweede plek ook kragteloos as ons dit bloot formalistiese hanteer. Dat die lees van die Bybel belangriker word as die inhoud daarvan. Baie mense voel in hulle gewete gepla omdat hulle nie gelees of gebid het nie. Dit gaan tog om die feit dat ek deur die lees en gebed met God besig was en dat ek Hom vergeet het as ek nie gelees en bid het. Net so voel baie mense tevrede met: ek was darem Sondag in die kerk en ek lees gereeld my Bybel. Dis help niks. Dit gaan daarom of ek God ontmoet het toe ek sy stem in die Bybel gehoor het en toe ek in die erediens was. Dit gaan om God en nie om die Bybel nie. Die Bybel is nie een of ander toormiddel wat my salig maak nie. God maak my salig en ek moet Hom ontmoet.

Kom ons vra daarom die derde en laaste vraag: 3. Wat maak die Woord van God kragtig in my lewe? Dat God elke keer as dit lees iets kragtigs in my laat gebeur?
Kom ons noem vier dinge wat Paulus in ons teksgedeelte uitlig:
1. Deur my gelowige aanvaarding van die Bybel as God se Woord, wat vandag nog net so geldig is as toe dit geskryf is, word die Woord ŉ kragtig instrument in God se hand. Paulus sê in 2:4 : die gelowiges se geloof is nie gebou op menslike teorie of welsprekendheid nie,

maar op die eenvoudig boodskap van God se genade aan die mens in die kruis van Jesus Christus. Wie dit glo – vir hulle word hierdie eenvoudige boodskap ŉ dinamiese krag wat hulle hele lewe verander .

Daarom geliefdes, aanvaar die Bybel as God se Woord wat vir ewig geldig is en jou lewe rig. As jy dit elke keer so lees – sal God jou lewe kragtig verander. Onthou wat in Heb. 4 staan
Heb. 4:12–13 [12]Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. [13]Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.

2. Die Woord word soos dinamiet in my lewe as ek in ŉ liefdesverhouding met God deur Christus leef. Brs en srs, die Woord is net ŉ instrument waarmee God my aan Hom vasbind. Deur die Woord wil Hy sy liefde in Christus aan my openbaar en deur die Woord wil Hy my liefde vir Hom vorm. Met die besef van God se genade in Christus word Christus die krag in my lewe –wat my hele lewe rig en lei tot in die ewigheid.

As ek kom tot die besef van God se liefde vir my – dan verander God my lewe dramaties en ingrypend. Dan rig my dankbaarheidsliefde vir Hom my hele lewe en word die Bybel vir my die lig vir my voet, is dit soos heuning in my mond, word dit vir my soos kos en water vir ŉ honger mens. Dit bind my vas aan God en laat my leef vir God.

Daarom moet ek jou nou vra: Hoe lees jy in die Bybel van God se liefde vir jou en hoe antwoord jy daarop?

3. God verander my lewe kragtig as ek my oorgee aan die leiding van die Heilige Gees. Ek kan net verander as ek bereid is om te verander. As ek my laat lei deur wat die Heilige Gees my in die Woord leer. Brs en srs. Elke keer as ek die Bybel lees moet ek my lewe daar langsaan neersit en vra: hoe verskil my lewe van dit wat God sê en hoe gaan ek my lewe vorm sodat dit lyk soos wat God in sy Woord sê.

Ons noem dit bekering. Dat ek doen wat God sê: dan sal ek sien hoe kragtig God met my werk deur sy Woord. Dan word dit soos ŉ tweesnydende swaard wat my lewe oopsny en heelmaak. My wonde genees en my troos. My visie en hoop gee. My laat vashou aan die dag wat Christus weer kom om my volkome te verander – my volmaak te maak.

Geliefdes in die Here, ten slotte, wie hierdie Woord van God verwerp, maak dit nie kragteloos nie. Hulle moet nie dink dat God niks meer met hulle te doen sal hê nie. Nee, wie hierdie Woord verwerp, verwerp God en Hy sê in ons tekshoofstuk: wie sy Woord verwerp, vir hom of haar sal God tot niet maak, vir ewig tot niet maak. Dan word God se Woord soos dinamiet wat my hele lewe opblaas en my in stukkies tot in die ewigheid skiet.

Br en sr, God se Woord is die krag in jou lewe. Laat Hy jou dan vanoggend kragtig vernuwe deur Sy Gees. Luister na sy Woord en aanvaar dit. Ervaar hoe Hy deur sy Gees kragtige dinge in jou lewe doen as jy bereid is om jou lewe in te rig soos God in sy Woord sê.

Luister hierna en jy sal vir ewig lewe.

Amen